

Probleme met privaatheid —Wat sou jy doen?



JOU ALLEENTYD

WARE VERHAAL

“Partykeer wil ek net alleen wees en dinge op my eie hanteer. Maar my ouer susters behandel my soos ’n baba en hulle wil alles weet! Ek steek niks weg nie, maar ek wil hulle net nie alles vertel nie!”—Allison.



Waarom dink jy behandel Allison se susters haar soos ’n baba?

Wat kan Allison doen om vir haar susters te wys dat sy meer privaatheid wil hê?

Wat sou jy doen as jy in Allison se situasie was?



2

JOU KAMER



WARE VERHAAL

“Wanneer ek ’n baie slegte dag het, wil ek net hê dat almal my moet uitlos. Ek moet erken dat dit lekker is om ouers te hê wat omgee, maar soms bars hulle sommer by my kamer in wanneer ek net ’n bietjie op my eie wil wees!
—Ryan.

Dink jy dat Ryan se ouers bekommerd is oor hom?

Indien wel, wat doen Ryan dalk (of doen hy dalk nie) wat hulle so bekommerd maak?

As jy in Ryan se situasie was, wat sou jy doen sodat jou ouers jou sal vertrou?



JOU SELFOON

WARE VERHAAL

“My ma het altyd my teksboodskappe gelees wanneer sy my selfoon iewers sien rondlê het. Eenkeer het sy sommer een van my vriende geblok wat volgens haar nie ’n goeie invloed op my gehad het nie.”—Nadine.

Dink jy dat Nadine se ma bekommerd is oor haar?

Indien wel, wat doen Nadine dalk (of doen sy dalk nie) wat haar ma so bekommerd maak?

As jy in Nadine se situasie was, wat sou jy doen sodat jou ma jou sal vertrou?
